

Vrydag 26 Julie

Skrifgedeelte: Johannes 17:1-25	Fokusgedeelte: Johannes 17:21
--	--------------------------------------

Waarlik één

Wanneer is 'n man en vrou één? Wanneer is 'n huisgesin één? Wanneer is 'n gemeente één? Wanneer is 'n kerkverband één? Wanneer is ons regtig één met God? ... As Hý verheerlik word in ons selflose diens aan mekaar.

Reeds toe Judas in Johannes 13:31, 33 die eerste nagmaal verlaat het, het Jesus genoem dat hulle nou in die laaste pylvak vir sy verheerliking ingegaan het: sy kruisiging was op hande. Sy selflose diens sou God laat skitter in heerlikheid.

Hoofstuk 17 is dan die laaste oomblikke van Jesus se afskeidsgesprekke voor sy kruisiging (hfst. 14-17). 'n Innige gebed tussen Hom en sy Vader. Daar is eintlik net 'n paar versoeke in hierdie gebed: Verheerlik u Seun (vs 1); Bewaar hulle (die huidige dissipels) in u Naam (vs 11); Laat hulle aan U toegewy wees deur die waarheid (vs 17); Mag almal ná hulle ook een wees soos Ons (vs 21); Ek wil dat hulle my heerlikheid sien (vs 24).

Selfs in sy gebed staan mens verwonderd oor Jesus. Hy bid nie vir Homself nie. Hy bid, met sy eie dood op hande, dat die Vader in daardie dienswerk van Hom verheerlik mag word, en vir die behoud van sy dissipels in verskillende vorme. Die gebed knoop saam in 'n versoek vir 'n eenheid wat ons verstand te bowe gaan: 'n eenheid waarin ons met God Drie-enig mag deel. 'n Eenheid waarbinne die een die ander dien. 'n Selflose-Diens-Eenheid wat hoop laat opvlam dat daar tog 'n Vader is wat sy Seun sou afstaan vir 'n sondaar soos ek.

Daardie evangelie-eenheid skitter eers waar ek beweeg is om iets af te staan in diens van God en my naaste (vs 18). Al die kringe van ons een-wees is geroep om God te verheerlik soos wat ons mekaar daarin dien. 'n Huwelik, 'n huisgesin, 'n geloofsgesin, 'n kerkverband, 'n Koninkryk.

Sing: Skrifberyming 15-1:1-4

Ds. G van Wyk (Griffel) (Rustenburg)